Ek het dus die genoeë selfs op hierdie laat uur om saam met die broeders van die Suid-Afrikaanse Uniekonferensie en plaaslike konferensies julle opnuut ernstig, opreg en hartelik uit te nooi om op hierdie belangrike vergadering van die kinders van die Here teenwoordig te wees. Die ekstra opoffer wat dit van julle mag vra om teenwoordig te wees, sal ryklik beloon word deur die seëninge en geestelike hulp wat julle sal ontvang. Laat ek dus daarop mag aandring dat julle kom. En julle kan seker wees dat ons gedurende hierdie paar orige dae voor die vergadering ernstig die Here sal bid om hulp, sodat dit vir 'n groot aantal van ons lede moontlik sal wees om op hierdie groot fees wat netnou hulle wag, teenwoordig te kan wees.

maak 'n ernstige poging om die tempel van die siel te ledig van al die vuil,—al die afguns, al die jaloesheid, al die agterdog, al die vitterye. . . .

"Maak 'n verbond met die Here om julself en al jul kragte aan Sy diens oor te gee. Moenie hierdie ongedane werk saam na die kampvergadering neem nie. As dit nie by die huis gedaan is nie, sal jou eie siel skade ly, en anders sal grootliks gewond word deur jou koudheid, jou gevoelloosheid, jou geestelike ongevoeligheid. . . .

"Hier is 'n werk wat gesinne moet doen voor hulle na ons heilige samekomste opkom. Laat die klaarmaak van eet en drink 'n bysaak wees, maar laat die noue ondersoek van die hart by die huis begin Bid driekeer per dag en wees soos Jakob dringend. By die huis is die plek om die Here Jesus te vind; neem Hom daarna saam na die vergadering en hoe heerlik sal die ure wees wat jy daar deurbring. . . .

"Dieselfde werk van verootmoediging en ondersoek van die hart behoort in die gemeente aan te gaan, sodat al die verskille en vervreemding tussen broeders weggenem kan word, voordat ons op hierdie jaarlikse vergaderings voor die Here verskyn."

Laat ons algar saam die Here soek vir die voorbereiding van die hart wat hier uiteengesit word.

### "Die Bevele van die Here is Bekragtigings"

N. C. WILSON

'N Groot geestelike fees wag die kinders van die Here op die kampvergadering te Johannesburg. Die Here Jesus het belowe om daar in 'n baie werklike en besondere sin teenwoordig te wees, en ons moet daar wees om Hom te ontmoet. Die Heilige Gees sal daar wees om 'n gescënde werk te doen. Die engele sal daar in groot getalle wees om die kinders van die Here te dien. Daar is 'n algemene oortuiging dat die kampvergadering van Johannesburg by uitstek 'n tyd van heerlike, geestelike herlewing gaan wees.

Party mag meen dat hulle om geldelike redes nie die vergadering kan bywoon nie. In sommige gevalle kan dit waar wees. Maar laat ons seker wees dat dit nie maar 'n ekskuus en 'n teken van louheid is nie. In baie gevalle sou ernstige gebed en sorgvuldige planne-maak selfs werklike en hardnekkige besware wegneem. Die vyand van siele is nou juis baie besig in Suid-Afrika om hindernisse te probeer skep en die wat bestaan te vergroot. In die geval van baie wat meen dat hulle dit nie kan bekostig om die kampvergadering by te woon nie, is ons oortuig dat net die teenoorgestelde die ware posisie is en dat dit nie goed vir hulle is nie om weg te bly.

In die ou dae het die Here vir Sy volk bevel gegee: "Driemaal in die jaar moet jy vir My 'n fees hou." Ex. 23:14. Die mense het hierdie feeste in groot getalle bygewoon en baie was vir verskeie weke aaneen van hul woninge. Die afwesigheid van die mense van hul woninge by hierdie geleenthede was 'n natuurlike geleentheid vir die baie vyande om in die land in te val en dit te verower. Maar die belofte van die Here was: "Niemand sal jou land begeer nie terwyl jy opgaan om te verskyn voor die aangesig van die Here jou God, driemaal in die jaar." Ex. 34:24. Dit staan in die Joodse geskiedenis opgeteken dat gedurende die 900 jaar van Israël se ingang in Kanaän tot die tyd van die ballingskap daar selfs nie een inval van die vyand by sulke geleenthede plaasgevind het nie.

Netso sal dit wees met die kinders van die Here vandag. As ons geestelike dinge eerste sit en aan die oproep van die Here tot die jaarlikse fees gehoor gee, sal Hy nie toelaat dat ons besigheid of plaas sal skade ly nie. Die wat opoffer om die kampvergadering by te woon om die Here op Sy bestelde tyd en plek te ontmoet, kan met vertroue besonder beskerming en seën direk van die Hemel vra en verwag.

Laat ons opgaan tot die heilige samekoms van die kinders van die Here te Johannesburg.

# Sending Uitbreiding Offerande

28 APRIL-5 MEI

## Die Reserwes Oproep

F. E. POTTER

Die verrassende kaleidoskopiese toestande in die wêreld vandag vorm 'n uitdaging aan elke Christen om haas te maak met die saak van die Here. "So weet julle ook dat wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur." Matt. 24:33. Daardie geseënde en vertroostende gedagte behoort by elke Christen die laaste reserve aan talent, ywer, krag en rykdom wat hulle besit, op te roep.

As 'n leër van die wêreld voor sulke groot vraagstukke sou staan soos die leër van die Here in hierdie laaste dae, sou hulle hul reserwes tot op die laaste man oproep; die laaste pond uit die nasionale skatkis opeis; hulle ammunisie tot op die laaste patroon verbruik, en klaar staan om hul bloed tot op die laaste druppel te stort— in 'n poging om vir die vaderland die oorwinning te behaal. Durf ons, soldate van die kruis, minder doen? Die antwoord kom van die lippe van ons hemelse Bevelhebber: "So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie." Luk. 14:33.

Die toestande van hierdie laaste dag sê beslis dat ons die uur genader het waarop elke dissipel *alles* op die altaar van offerande moet sit. Dit was die gees van die eerste Christelike gemeente—maar dit het langamerhand uitgesterf. Dit was die gees van die eerste Adventliggaam, maar die tyd het dit baie verstomp. Hierin lê die gevaar vir die gemeente van die oorblyfsel van die Here. Dis nie dat ons nie die boodskap verstaan nie. Dis nie dat ons nie die boodskap glo nie. Die fout is dat ons nie die gees van die boodskap ten volle in ons opgeneem het nie. Die gees van die boodskap is die gees van sy Outeur. "Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy siel te gee as 'n losprys vir baie." Markus 10:45. Die afwesigheid van daardie gees in 'n man of 'n vrou, sê die Apostel Paulus, sluit hom uit van dissipelskap. (Rom. 8:9.) Daarom, geliefde gelowige, die oproep van die uur vir elke Christen is 'n eis om die wat nog in duisternis sit, te dien al sou dit ook die opoffering van ons dierbaarste besittinge—ja, selfs algar van hulle vra. Hoe dikwels het ons die bekende koor gesing: "Gered om te dien; geen reserwe nie." Die uur het gekom waarop ons die gedagte in werklikheid moet omsit. "Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het die werke nie?" Jak. 2:14.

Die doel van die Sending Uitbreiding Offerande is presies wat die naam aandui—die uitbreiding van die koninkryk van Christus op aarde. Dit gee aan elke gelowige opnuut 'n geleentheid om tasbaar uitdrukking te gee aan sy liefdevolle God deur vir sy medemens in duisternis op te

offer. Die Sending Uitbreiding Offerande is maar die ou "Groot Week" onder 'n nuwe naam. Hierdie jaar word ons mense uitgenooi om die bedrag van een dag se inkomste te gee. Baie sal dit moontlik direk van hul inkomste of reserwes kan doen. Anderes sal dit nodig vind om hul offerande te kan gee deur een of ander besonder werk te doen. Dit kan maklik en aangenaam gedaan word deur die verkoop van ons leesstof. Geen bepaalde stel boeke is hierdie jaar op sy gesit nie, maar elke individu kan die boeke wat die meeste met sy smaak ooreenkom, bestel. Kyk net deur die suggestiewe lys op die laaste bladsy.

As jy jou boeke deur die Godsdienstige Boekdepôt bestel, (wat jy dadelik behoort te doen, sodat jy seker kan wees dat die aflewering vroegtydig sal plaasvind), noem dan jou eerste, tweede en derde keus, ingeval die voorraad by die uitgewershuis onvoldoende is om aan al die bestellinge te voldoen.

Nou geliefde mede-soldate van die kruis, laat daar hierdie jaar "geen reserwe" wees nie. Laat ons onself in die stryd vir die waarheid werp met 'n oorgawe wat die offerande van Christus van ons vra. Netnou is die stryd vir altyd verby. Netnou staan ons van aangesig tot aangesig met ons hemelse Bevelhebber. As ons in die uur toe Hy "die reserwes oproep," geen gehoor gee het nie, hoe sou ons Hom in vrede en vertroue kan ontmoet?



## 'n Voorwaartse Kyk

J. F. WRIGHT

(Voorsitter, Helderberg Kollege Skoolraad)

HELDERBERG KOLLEGE is 'n inrigting wat deur ons getroue Europese lede in hoë ere gehou word. Baie gebed en baie opoffering het dit gemaak wat dit vandag is. Nie alleen het dit 'n plek vir opleiding vir ons jongmense verskaf, maar dit is 'n toevlugsoord vir hulle gewees in hierdie dae van modernisme en verkeerde dinkwyse waartoe ons gekom het. Ons dank die Here vir sy teenswoordige status en werk in die verlede.

Vandag kan ons duidelik sien dat die kollege hom verder uitgebrei het as wat die bestuurslede sewe jaar gelede hul kon voorstel. Toe het hulle gemeen dat 'n skool wat ongeveer 125 studente kon opneem, in al die toekomstige behoeftes sou voorsien. Maar hoe klein was ons geloof! Dis nou duidelik dat ons uitsig nie wyd genoeg was nie, want vandag het ons meer as 150 studente ingeskryf.

Om in hierdie verband iets bepaalds voor u te lê: ons het nodig 'n nuwe eetsaal, 'n nuwe musieksaal, 'n tehuis vir ongenhede onderwysers, 'n tehuis vir Jongere Seuns, 'n kerkskool en 'n gebou vir die kritiek-onderwysers, en 'n industriële gebou.

Hulle behoort tot ons hoogsnodige en dringende behoeftes.

Allereers het ons 'n nuwe eetsaal nodig, sodat ons meer plek vir studente in die twee tehuse kan kry. Die eetsaal behoort groot genoeg te wees om plek te hê vir die tehuis vir die matrone, die kollegewinkel, ens. Op die een of ander manier moet ons met die oprigting van hierdie gebou voor 1935 probeer aangaan.

Verder is op die oomblik alles so vol in die poging om die teenswoordige inskrywing te sorg, dat daar geen enkele kamer vir die musiekafdeling beskikbaar is. Dis 'n jammerlike toestand en moet so gou as moontlik verander word.

Ook die Normaalfdeling word grootliks in sy werk gehinder. Om hierdie tak van die werk meer doeltreffend te laat wees, het ons behoefte aan 'n kerkskool en 'n gebou vir die kritiekonderwysers. Dis amper onmoontlik vir die afdeling om sy werk te doen soos dinge vandag is.

Verder wil ons melding maak van die behoefte van ons ongenhede onderwysers. Hulle bly nou in kamers in die hoofgeboue wat aan studente behoort; ons behoort vir hulle in die naaste toekoms vir 'n aange-name tehuis voorsiening te maak.

Dan is daar die saak van die tehuis vir die jongere seuns. Die behoefte aan so 'n gebou is al vir jare gevoel en die Skoolraad het ernstig hul aandag aan hierdie saak gegee en ooreenkomstige planne gelê.

Eindelik wil ons noem die behoefte aan 'n gebou waarin behoorlike vakopleiding kan gegee word. Dis een van die grootste behoeftes en hierin moet sonder uitstel voorsiening gemaak word.

Bogenoemde behoeftes vorm 'n groot vraagstuk vir die skoolraad. Ons kannie verwag om volgende jaar onder die teenswoordige toestande aan te gaan nie. Dit te doen sou seker die werk van die inrigting verhoor en benadeel. Ons moet uitkyk na groter dinge, want binne die eerste twee of drie jaar sal die inskrywing van die skool die 200 merk te bo gaan.

Nou, as een manier om die nodige fondse vir hierdie behoeftes te kry, het die Divisie-komitee die "Uitbreidingsfonds vir die Sending" d.i. Groot Week aan Helderberg toegeken vir uitbreidingswerk aan die Kollege gedurende die orige gedeelte van hierdie jaar en die eerste deel van 1935. Ons het 'n doelpunt van £500 gesit. Ons glo dat dit redelik is en ons hierdie doelpunt maklik kan bereik. Hierdie bedrag sal natuurlik nie vir die volle behoefte voorsiening maak nie, maar sal tog heel wat help saam met ander fondse wat sal inkom.

Daarom as voorsitter van die Skoolraad, doen dit my groot genoë om nou elke Europese gelowige in hierdie Divisie uit te nooi om ons by te staan in hierdie uitbreidingsprogram. Lees tog in hierdie uitgawe van die OUTLOOK wat anders omtrent die saak te sê het, en wees dan ten volle bereid om jou deel te doen in die gawes vir die Sending-Uitbreidingsofferande wat Sabbat die vyfde Mei sal opgeneem word.

## Inkomste van die Kollege

J. V. WILSON

VIR sy geldelike ondersteuning hang Helderberg Kollege amper heeltemal af van die onderwysgelde. Dit word deur 'n klein appropriasie van die Suidelike Afrikaanse Divisie aangevul; maar die herhaalde besnoeiings van die laaste twee jare het die bedrag van hierdie appropriasie heel wat verminder.

Waar ons ons onderwysgelde so laag moontlik hou, is hierdie inkomste skaars voldoende om ons gereelde werk te ondersteun en hulle gee ons geen kans nie om vorentoe te kom in die rigting van die oprigting van ons nuwe geboue wat ons so nodig het. As ons wil uitbrei of selfs ons teenwoordige studente en staffede onder dak bring soos dit behoort, dan sal daar geldelike voorsiening van 'n bron buitekant ons eie inkomste moet kom, of in die vorm van verdere appropriasies of deur die een of ander skenking.

Die geld wat hierdie jaar deur die Sendings Uitbreiding Fonds bygedra word, sal na die kollege kom om gebruik te word in die oprigting van sommige van die geboue waaraan ons so groot behoefte het. Ons vertrou dat met hierdie wetenskap voor hulle ons mense milddadig sal gee. Helderberg Kollege het u hulp nou nodig sodat dit beter toegerus kan wees om werkers op te lei om die werk in ons Divisie klaar te maak.



## Ophoping by die Kollege

G. E. SHANKEL

TOE die besluit geneem is om die kollege na Somerset Wes te verplaas, is die vraag bespreek of die skool ooit meer as een honderd studente sou tel. 'n Paar het gemeen dat die geboue so uitgelê behoort te word dat daar vir 120 studente plek sou wees. Die planne soos uiteindelik goedgekeur, het vir hierdie getal voorsiening gemaak. Eetkamer, badkamers, ens. is ooreenkomstig aangebring.

Met 'n inskrywing na aan die 160 merk kan mens verstaan dat die plekke nou is en die probleme van administrasie heel wat groter is. Op hierdie oomblik is daar 'n aantal dringende behoeftes. Teen heel wat koste was ons verplig om 'n groot aantal dubbeldekbedde en ander meubels aan te skaf om hierdie jaar in Mead House, die tehuis vir die jonge dames, te kan aangaan. Ons behoort die onderste verdieping van daardie gebou wat nou as eetsaal en kombuis gebruik word, beskikbaar te hê om behoorlike gemakke vir die jonge dames te voorsien. Dit beteken dat 'n nuwe eetsaal en kombuis as 'n aparte gebou, een van ons grootste behoeftes is.

In Salisbury Huis, die tehuis vir jonge manne, waarvan die onderste verdieping hoog nodig is om behoorlik vir die jonge manne te kan sorg, word dit nou grootliks deur onderwysers, getroude studente en die kollegewinkel ingeneem. Dis werklik

dringend dat ons voorsiening maak vir behoorlike tuisplekke vir ons ongehude onderwysers om die ophoping in Salisbury Huis te verminder.

Die winkel behoort ook weg van die skooltehuise te wees en behoort minstens drie keer so groot te wees.

Die gebruik van die teenwoordige Erica Lodge as 'n tehuis vir die jongere seuns is natuurlik net 'n tydelike maatregel, want die gebou is dringend nodig as 'n huis vir 'n familie op die staf. Waar om die jongere seuns 'n ander jaar te sit is 'n werklike probleem.

'n Musiekkamer en oefeningkamers behoort ook tot die dringende behoeftes. In die algemene ophoping is die musiekdepartement van sy plek gedring, sodat dit nou 'n wandelende departement is.

'n Kamer en benodigde vir huishoudkunde roep ook om aandag. Op die oomblik word 'n gereelde klaskamer in 'n werkkamer verander om vir die naaiwerk-klasse te sorg, en om dit te doen maak hulle gebruik van 'n handelsklas. So word die vraagstukke nog meer.

Ek het 'n paar van die meer duidelike en dringende vraagstukke van ophoping aangeraak. Dit kan dadelik ingesien word dat nog twee of drie geboue baie nodig is. Ons glo dat met die moontlikheid van 'n nog groter inskrywing in die naaste toekoms, ons letterlik in 'n program van uitbreiding geforseer word.



## Die Drukkende Behoeftes soos dit in die Slaapsale Gesien en Ervaar Word

C. C. MARAIS

MET groot belangstelling en verwagting het ons gehoor van die voorstel om die Sending Uitbreidingfonds vir 1934 aan Helderberg af te staan. Met nog groter entoesiasme verwelkom ons die geleentheid en die voorreg om deur die kolomme van die OUTLOOK aan ons mense te vertel van die behoefte wat ons hier in die tehuise sien en voel. Die mees drukkende van die verskillende behoeftes op die oomblik is die kwessie van ruimte. As gevolg van die aanhoudende, toenemende inskrywing is ons individuele kamerruimte, oorspronklik vir twee bewoners bedoel, oorvol. In die meisieslaapsaal het feitlik elke kamer vier bewoners. In die jongetjiesslaapsaal sou dit net so wees, as Erica Lodge die getal nie tot drie in 'n kamer help afbring het nie.

Behalwe die ophoping in die kamers, besef ons alreudat dat die badkamergemakke nie aan die eis voldoen nie. Hierdie ontoereikendheid kan mens beter verstaan as jy weet dat 'n enkele bad, 'n stortbad en twee wasbakke al is waarmee veertig tot vyftig studente in die halwe uur tussen die opstaanklokkie en die klasse moet klaar-kom.

As die onderste verdieping van albei die slaapsale in badkamers kon verander en

gebruik word, sou dit die teenwoordige ophoping baie verlig. Maar dit sou beteken die bou van 'n nuwe kombuis, eetkamer, winkel en woonplek vir die ongehude onderwysers, ens.

Ons vertrou dat ons mense die behoeftes sal besef soos hulle gevoel word deur die wat daarmee te doene het. Ons vertrou dat hulle wil help om die Sending Uitbreidingfonds groot en aansienlik te maak, sodat dit nie alleen die teenwoordige vraagstukke sal oplos, maar ook heel wat sal help om die toenemende en edele werk van Christelike Opvoeding onder meer gepaste en higiëniese toestande voort te sit.



## Ses Jare van Vooruitgang op Helderberg Kollege

W. F. TARR

VOORUITGANG in enige bekwame besigheid moet onveranderlik gepaard gaan met 'n ooreenkomstige vermeerdering in sy bron van aanvoer. Geen wonder nie dan dat ooreenkomstig die vooruitgang van die Here se werk in die Suidelike Afrikaanse Divisie was ook die ontwikkeling van die basis van aanvoer vir daardie werk.

Die eerste Maart 1928 het Helderberg Kollege vir die eerste keer sy deure oopgesit om studente te ontvang, en dit is duidelik dat die wagwoord van die inrigting sedert daardie datum "Vooruitgang" was. In daardie tyd het die enige twee geboue op die pas aangekoopte gronde op plekke gestaan wat daarvir uitgegrawe was te midde van die vrugteboord langs die koppie en hierdie geboue was net deur 'n voetpaadjie, wat tussen die bome deur geloop het, verbind.

Een van die geboue moes dien as slaapsaal vir die jonge manne en die ander vir die jonge dames; die eerste, hoewel ver van klaar, het ook die kapel, biblioteek, klaskamers en kantoor van die prinsipaal bevat. Dit was nie voor die somer van dieselfde jaar dat die gebou heeltemal gepleister en gesolder is.

Die jaar 1929 was getuie van die lê van die fondasie van Branson Saal, die teenwoordige administrasiegebou. Gedurende daardie jaar en gedeelte van die volgende jaar het die bouwerk aangegaan, totdat die gebou, hoewel nog onvoltooid, geskik was om in gebruik geneem te word. (Dis van belang om op te merk dat die bouwerk in verband met hierdie gebou heeltemal deur studente gedaan is.)

Gou daarna is daar 'n begin gemaak met drie geboue. Verskeie duisend ton grond is weggeneem en gebruik om die motorpad te bou in die voorgrond van die skoolgronde. Die gevolg was 'n mooi gelyke ruimte tussen die drie geboue wat nou deur die studente as speelgrond word gebruik.

Nog baie moes gedaan word, en die somer van 1932 het vinnig verbeterings op die kollegegronde gesien. Onder die mees welkome verbeterings was die installasie van die elektriese ligstelsel. In daardie tyd het die werksmense ook die laaste vloer



begin lê en die permanente trap in Branson Saal aangebring, terwyl ander besig was om die gebou aan die buitekant 'n kwassie verf te gee. Later in die jaar 1933 is die hoofingang en die sale van die gebou gevef wat dit 'n baie beter voorkome gegee het.

Verder vooruitgang is gemaak toe vroeg in hierdie jaar die asfaltpaaië tussen die geboue gelê is, en die konkrete trappe voor die Branson Saal wat van die paaië na die motorpad bring, gebou is.

Maar nog baie moet gedaan word. Terwyl ons skryf, is werksmense druk besig om die vier voet hoë klipmuur wat oor die hele lengte van die skuinste tussen die paaië en die motorpad loop, klaar te maak. Daar word ook plan gemaak om die trappe voor Meadtehuis en Salisburytehuis net so te maak soos die wat onlangs voor Branson Saal klaargekom het.

Die vooruitgang het hom ook nie tot die bouprogram bepaal nie. 'n Gedurige toeneming in die inskrywing sedert 1928 wys 'n toenemende belangstelling in Christelike Opvoeding. Behalwe vir die jare van ekonomiese depressie was daar 'n gedurige toeneming in die aantal studente wat die skool bywoon, totdat daar vandag 154 studente is, die grootste inskrywing in die geskiedenis van die skool. Gedurende sy betreklik korte bestaan het 'n groot aantal gegradueerdes van Helderberg Kollege uitgegaan en amper algar is vandag in aktiewe diens in die Suidelike Afrikaanse Divisie.

Stowwelijke vooruitgang by die skool het die oë van die straf nie blind gemaak nie vir die geestelike welsyn van die studente. Aan die ander kant het dit hulle 'n betere begrip van hul verantwoordelikheid teenoor die jongmense gegee en by die skool is daar nou net so 'n ernstige groep Christelike jong manne en vroue as wat ooit die sale betree het of ooit in die klaskamers van Helderberg Kollege bymekaar gekom het.



## Nuus van Boelawayo

Ons het laaste Oktobermaand in Boelawayo aangekom en onmiddellik plan begin maak om 'n series vergaderings in die stad te begin. Die plan was dat ons 'n tent sou gebruik. Ongelukkig het daardie tent nie vir later uit Engeland aangekom nie en ons kon dus nie voor 26 November met ons vergaderings begin nie.

Hoewel ons by elke huis in die stad met 'n uitnodiging aangeklop het, was opkoms van die begin af gering. Gemiddeld was daar net vyf-en-twintig grootmense. Maar die wat kom luister het, was gereeld ondanks die teenstand. Een van die wat ons teengestaan het, het vir my gesê dat hy seer bepaald besig was om te bid dat daar nie 'n enkele bekeerling sou wees nie. Ek sê toe vir hom dat ek bly was om dit te weet, maar dat hy altemit bly sou wees om te weet dat daar anders was om ernstig te bid dat daar 'n aantal bekeerlinge sou wees, en ons dus sou moet

wag en sien wie se gebede die Here sou verhoor.

Ons het ses aande in die week diens gehou en ook publieke vergaderings in die tent op Sabbatmores, Sabbatskool sowel as kerkdiens. Van die begin af het ons geadverteer dat ons Sewende-dag Adventiste was; die wat gekom het, was belangstellend niteenstaande wat van en teen ons gesê is.

Nadat ons die onderwerp van die doop behandel het, het ons ook elke Sabbatmiddag doopklasse gehou en Sabbat die 10de Maart het ons ons eerste doopdiens in die Boelawayokerk gehou. Die gebou was vol belangstellende vriende en familie, toe nege bekeerlinge gedoop is. Twee van hulle het vir die doop voorberei voor ons na Boelawayo gekom het, en sewe was die gevolg van die vergaderings wat gehou is. Daar is nog drie wat gevra het om gedoopte te word, maar ons het hulle gevra om te wag tot die volgende geleentheid wat in twee maande tyd sal wees.

Ons het die dienste een week onderbreek en toe in een van die voorstede drie myl uit begin. So ver is die opkoms gemiddeld veertien en ons het nou vyf weke lank aangehou. Ons verwag om 'n oes van drie of vier siele uit hierdie klein vergaderinkie te kry. Ons is van plan om hierdie jaar nog vier vergaderings in en om Boelawayo te hou en dan sal ons voel dat ons ons beste vir hierdie stad gedaan het.

Ons was bly om Suster Ueckermann as Bybelwerkster te hê en dis die enige hulp

behalwe die skrywer. Ons het by elke huis te Boelawayo en omstreke aangeklop en 'n subskripsie vir die *Tekens van die Tye* gevra. Ons het nie baie subskripsies gekry nie, maar ons het ons beste gedoen. Dink aan die werk hier in Boelawayo. Ons is jammer dat ons nie gehore van 600 kan kry nie, soos ons van elders hoor, maar daar is opregte harte selfs in die kleiner bypaaië en lanings.

Ons gebede is vir die pogings wat oor die hele Divisie gehou word, dat daar 'n goeie oes van siele mag wees.

Met heilbede,

A. N. INGLE.



## Aan die Sendingvrywilligers

A. W. STAPLES

Ons gee die laaste uitnodigingsoproep na die komende kampvergadering te Johannesburg. Ons planne is klaar, netnou sal die geestelike fees begin.

Ons vra Ouderling Watson om ons op die eerste Sabbatmiddag toe te spreek. Hy sal 'n besondere boodskap vir ons jongmense hê. Gedurende die vergadering sal Ouderling Milton Robison praat oor "Gebed," "Kom en Gaan" en ons "Omgang met Vriende." Ouderling Raubenheimer sal 'n series toesprake hou oor "Die Here se oproep aan ons Jongmense." Ouderling Hanson sal spreek en die leiding neem in

(Vervolg op bl. 4)

# Kom na die Kampvergadering

JOHANNESBURG, 13 - 21 APRIL

Vir U Gemak

1. **KONSESSIEPRYSE** word deur die spoorweg toegestaan. Vir konsessiesertifikaat skryf aan: Die Sekretaris, Bus 256, Bloemfontein, O. V. S., en gee naam, adres, spoorwegstasie en datum van vertrek.

2. **KAMERS** word so na moontlik aan die Wanderers' Club gehuur. Bespreek jou plek dadelik by, Die Sekretaris, Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

3. **AL DIE MAALTYE** word by die kafetarië van die Konferensie teen redelike pryse verskaf. Mevr. Honey is weer belas met die sorg vir die kos.

4. **VERMINDERDE PRYSE** sal heers by die boekwinkel op die kampvergadering. Maak van die geleentheid gebruik om 'n nuwe Bybel of ander boeke teen spesiale korting te kry.

5. **POSADRES.**—Laat jou briewe deurstuur aan Bus 4639, Johannesburg, Tvl. en hulle sal op die gronde besorg word.

## Wat Mens Moet Saambring

1. **BRING JOU "CHRIST IN SONG"** en sing hartelik saam.  
2. **BRING WARM KLERE**, dit mag koud wees in Johannesburg die laaste van April.

3. **BRING JOU MUSIEKINSTRUMENT**, as jy 'n musikus is en speel saam in die orkes van die kampvergadering.

4. **BRING JOU HART** vol liefde en klaar om alles te ontvang wat die Here vir jou het.

*The Southern*  
**African Division Outlook**

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR \_\_\_\_\_ Editor  
J. I. ROBISON \_\_\_\_\_ Assist. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright \_\_\_\_\_ President.  
A. E. Nelson \_\_\_\_\_ Treas. and Auditor.  
A. F. Tarr \_\_\_\_\_ Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge \_\_\_\_\_ Medical Secy.  
M. P. Robison \_\_\_\_\_ Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter \_\_\_\_\_ H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison \_\_\_\_\_ Religious Liberty Secy.

### To the Missionary Volunteers

A. W. STAPLES

WE are sounding the last invitation call to the coming camp-meeting at Johannesburg. Our plans are ready, soon the spiritual feast will be on.

We are asking Elder Watson to speak on the first Sabbath afternoon. His will be a special message to our young people. During the meetings Elder Milton Robison will speak on "Prayer," "Coming and Going" and "Social Relations." Elder Raubenheimer will give a series of talks on, "God's Call to Our Youth." Elder Hanson will speak and lead out in a round table discussion on "Amusements." Brother G. E. Shankel will speak on "Getting an Edu-

cation." The writer will seek to present a message on the following subjects, "Why Should I be a Christian?" "Some Things That Repentance *Can't* Do" and "What Shall I Do With My Life?"

We are praying that the Lord will anoint those who lead out with special power. Time is short, and life is serious. Let us seek the Lord now, for a heart preparation for His coming.

Special services are planned for the Juniors under the leadership of Brother Cowper and Sister Moffitt. Elder W. H. Hurlow will bring a special message to them and the writer will be "big brother" all through the meetings. Let us make it a big Junior rally!

Elder C. H. Watson, president of the General Conference, is due to arrive in Durban on the S. S. Nestor on Tuesday, April 10. A most hearty welcome is extended to Elder Watson on behalf of the OUTLOOK readers, and we pray Heaven's richest blessing to attend his ministry in the Southern African Division. Immediately upon arrival Elder Watson will proceed to Johannesburg for the Workers' Meeting, April 11-13, and the camp-meeting which will follow immediately.

### Preparation for Camp-meeting

(Concluded from Supplement)

each individual should closely and critically examine his own heart before God. . . . Humble yourselves before God, and make an earnest effort to empty the soul temple of all rubbish,—all envyings, all jealousies, all suspicions, all faultfindings. . . .

"Make a covenant with God to yield yourselves and all your powers to His service. Do not carry this undone work to the camp-meeting. If it is not done at home your own soul will suffer, and others will be greatly injured by your coldness, your stupour, your spiritual lethargy. . . .

"Here is a work for families to engage in before coming up to our holy convocations. Let the preparation for eating and dressing be a secondary matter, but let deep heart-searching commence at home. Pray three times a day, and like Jacob be importunate. At home is the place to find Jesus; then take Him with you to the meeting, and how precious will be the hours you spend there. . . .

"The same work of humiliation and heart searching should go on in the church, so that all differences and alienations among brethren may be laid aside before appearing before the Lord at these annual gatherings."

As we pray, plan, and prepare for the Johannesburg meeting, let us all join in seeking God for the preparation of heart herein set forth.

✻ ✻

### News Note

Elder O. U. Giddings, writing on board the S. S. Wangoni, on February 8, states that he and Sister Giddings were due to arrive at Lobito Bay on Friday, February 9. After a week in Angola visiting some of our mission work, Brother and Sister Giddings planned to leave for Katanga Mission, Elisabethville, their future field of labour.

## COME TO CAMP-MEETING!

JOHANNESBURG, APRIL 13 - 21

### For Your Information

1. CONCESSION RATES have been granted by the railway. Apply for concession certificates to, The Secretary, P. O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S., giving name, address, railway station, and date of departure.
2. ROOMS are being secured as near as possible to the Wanderers' Club. Make your reservations at once to, The Secretary, P. O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S.
3. ALL MEALS will be provided at the conference cafeteria at reasonable rates. Mrs. Honey is again in charge of the catering.
4. REDUCES PRICES will prevail at the camp-meeting book stand. Seize the opportunity of getting a new Bible or other books at a special discount.
5. POSTAL ADDRESS. Have your mail sent to P. O. Box 4639, Johannesburg, Tvl., and it will be delivered to you on the grounds.
6. INFORMATION. All post intended for the South African Conference and the Religious Book Depository during the period April 9-22 should be addressed to P. O. Box 4639, Johannesburg, Tvl.

### What to Bring

1. BRING YOUR "CHRIST IN SONG," and join in the hymns of praise.
2. BRING SOME WARM GARMENTS; we may get a cold snap in Johannesburg the latter part of April.
3. BRING YOUR INSTRUMENT, if you are a musician, to join in the camp-meeting orchestra.
4. BRING YOUR HEART aglow with love and prepared to receive all that the Lord has for you.